BYBEL-MEDIA

Jou 2017-Bedieningsvennoot

HOOF FONDSWERWING: BYBEL-MEDIA

Bybel-Media benodig ‘n ervare, gemotiveerde en bekwame persoon om die pos van Hoof van die Departement Fondswerwing vanaf 1 April 2018 te vul. Gelegitimeerde predikante van die NG Kerk, of fondswerwers met bewese ervaring wat ook lidmate van die NG Kerk is, word genooi om aansoek te doen.

Bybel-Media is ‘n donateur-gebaseerde Christelike Mediahuis van die NG Kerk in Wellington, met die visie om gelowiges te beweeg en te bemagtig om die liefde van God uit te leef. Met die oog daarop, ontwikkel Bybel-Media Christelike inhoud in verskeie mediaformate vir die NG Kerk, maar ook die breë kerk, onder andere jeugfokusmateriaal, opleidingsmateriaal vir kerkleiers, Bybelstudieboeke, teologiese boeke, ensovoorts. Die maatskappy druk en versprei ook die missionale glanstydskrif *LiG* en die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, *Kerkbode*. Bybel-Media het ‘n missionale mediabediening wat ‘n gevangenisbediening, asook ‘n Goeie Nuus Bediening insluit, wat fokus op kinders en nie-lesers. Deur die Nehemia Bybelinstituut is Bybel-Media betrokke by opleiding van kerkleiers in die hele Suider-Afrika, asook Indië. Bybel-Media is ook verantwoordelik vir die bestuur en ontwikkeling van die musiekskat van die kerk onder andere, Liedboek, Flam en Vonkk. Die posbekleër sal rapporteer aan die Hoof Uitvoerende Beampte van Bybel-Media en verantwoordelik wees vir:

- Die ontwikkeling van die donateursbasis om die volhoubaarheid van die media-bediening van Bybel-Media te verseker.
- Die werwing van nuwe donateurs (debietorders en bemakings) en die bou van goeie verhoudings met bestaande vriende en donateurs van Bybel-Media.
- Die bemarking van die media-bedienings van Bybel-Media deur gemeentebesoeke en aan potensiële donateurs.
- Organisering van bemarkingsprojekte wat die media-bedienings van Bybel-Media bekendstel en bevorder.
- Skakeling met verskillende kerke en kerkleiers om Bybel-Media se mediaprodukte bekend te stel.
- Bestuur van fondswerwingdepartement en ontwikkel ‘n span van deeltydse Bybel-Media fondswerwers.

Die geskikte kandidaat moet oor die volgende vaardighede beskik:

- Begrip vir die missionale kerk en die media-behoeftes van die kerk.
- Die vermoë hê om skakelwerk te doen binne die kerklike omgewing.
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede, ingestel op verhoudings, *‘n goeie kommunikeerder* en passievol oor die evangelie.
- Vermoë om onder druk en onafhanklik te werk om spertye te haal.
- Bewese taal en skryfvaardighede in Afrikaans en Engels.
- Bewese ervaring van fondswerwing en kennis van digitale en tradisionele bemarkingskanale, soos die gebruik van e-posbemarking en die sosiale media, sal ‘n voordeel wees.
- Ondervinding van skakel- en bemarkingswerk, die organisering van projekte en betrokkenheid in die kerklike omgewing.
- Personeelbestuursondervinding is ‘n belangrike vereiste vir die pos.

Persoon sal vanuit Wellington werk, salaris onderhandelbaar en onderhoude sal in November gevoer word.

BYBEL-MEDIA

Jou 2017-Bedieningsvennoot

Rig ‘n volledige CV met verwysings, **vóór Woensdag 25 Oktober 2017** aan Leon Venter by: leon@bmedia.co.za, sel 083 794 1821.

Indien u nie binne twee weke na die sluitingsdatum gekontak word nie, kan u aanvaar dat u aansoek nie suksesvol was nie.